Die toediening van orale hipoglukemiese medisynes kan geassosieer word met 'n toename in kardiovaskulêre mortaliteit, in vergelyking met behandeling met dieet alleen of dieet saam met insulien.

Faktore wat hipoglukemie aanhelp, sluit in:
- Pasiënt wat weier (veral bejaarde pasiënte) of nie in staat is om saam te werk nie.
- Wanvoeding, ongereelde maaltye, oorslaan van maaltye, tye van vas of dieetwysigings.
- Wanbalans tussen fisiese oefening en koolhidraat-inname.
- Oordosering met **GLYTAB 30 mg** (sien **BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN**).
- Sekere endokriene steurings: tiroïedsteurings, hipopituïtarisme en adrenale ontoereikendheid.
- Gepaardgaande toediening van sekere ander medisynes (sien **INTERAKSIES**).
- Verswakking van nierfunksie.

Die farmakokinetiese en farmakodinamiese eienskappe van gliklasied mag gewysig wees by pasiënte met lewer- of nierontoereikendheid. 'n Hipoglukemiese episode wat by hierdie pasiënte voorkom mag verleng wees, gevolglik moet dit toepaslik hanteer word en is noukeurige monitering van die bloedglukosekonsentrasie noodsaaklik tydens behandeling met **GLYTAB 30 mg** (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).

GLYTAB 30 mg moet slegs voorgeskryf word indien dit waarskynlik is dat die pasiënt gereeld voedsel sal inneem (insluitende ontbyt). Dit is belangrik dat koolhidrate gereeld ingeneem word weens die verhoogde risiko van hipoglukemie indien 'n maaltyd laat geneem word, indien 'n onvoldoende hoeveelheid voedsel ingeneem word of indien die voedsel min koolhidrate bevat. Hipoglukemie sal meer waarskynlik voorkom ten tye van 'n lae-kalorie dieet, ongereelde koolhidraatinname, na verlengde of intense oefening, na alkohol-inname of tydens die toediening van 'n kombinasie van hipoglukemiese medisynes. Simptome van hipoglukemie verdwyn gewoonlik na absorpsie van koolhidrate (suiker). Ten spyte van aanvanklike effektiewe maatreëls, mag hipoglukemie egter steeds voorkom. Kunsmatige versoeters het geen effek op hipoglukemie nie. In die geval van erg verlengde hipoglukemie, is onmiddellike mediese behandeling en selfs hospitalisasie nodig.
In uitsonderlike stressituasies bv. trouma, koors, infeksie of 'n chirurgiese ingreep, of tydens gepaardgaande behandeling met Johanneskruid (*Hypericum perforatum*) preparate (sien **INTERAKSIES**), mag bloedglukose beheer verswak en 'n tydelike omskakeling na insulien mag nodig wees om goeie metaboliese beheer te behou.

Die hipoglukemiese effektiwiteit van enige orale antidiabetiese medisyne, insluitende gliklasied, soos in **GLYTAB 30 mg**, verswak oor tyd by baie pasiënte. Dit mag wees omdat die ernstigheidsgraad van die diabetes toeneem, of weens 'n verminderde respons op die behandeling. Voldoende aanpassing van die dosis en meewerking met dieetvoorskrifte moet in gedagte gehou word.

Versteurings in bloedglukose, insluitende hipoglukemie en hiperglukemie, is gerapporteer by diabetiese pasiënte wat gepaardgaande behandeling met fluorokinolone ontvang (veral by bejaarde pasiënte). Dit word aanbeveel dat bloedglukose noukeurig gemonitor word tydens gepaardgaande behandeling (sien **INTERAKSIES**).

Behandeling van pasiënte met glukose-6-fosfaatdehidrogenase (G6DP) tekort met sulfonielureummedisynes, soos **GLYTAB 30 mg**, kan tot hemolitiese anemie lei. Voorsorg moet getref word by pasiënte met G6PD-tekort en 'n nie-sulfonielureum alternatief moet oorweeg word.

Laboratoriumtoetse:
Bepaling van geglikosileerde hemoglobienvlakke (of vastende veneuse plasma glukose) word aanbeveel om bloedglukosebeheer te assesseer. Self-monitering van bloedglukosevlakke kan ook oorweeg word.

Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik
Pasiënte moet bewus gemaak word van die simptome van hipoglukemie, en moet versigtig wees wanneer hulle bestuur of masjinerie hanteer.

INTERAKSIES
Die volgende mag die risiko vir hipoglukemie verhoog:
- Antifungusmiddels, soos mikonasool, flukonasool, ketokonasool.
- Barbiturate.
- Beta-blokkers.
- Simetidien, ranitidien.
- Allopurinol.
- Angiotensienomsettingsensiem (AOE) remmers, soos kaptopriel en enalapriel.
- Monoamienoksidase (MAO) inhibeerders, kinidien, kinien of salisilate.
- Sulfoonamiede, klaritromisien.
- Niesteroïdale anti-inflammatoriese medisyne (NSAIM's).
- Alkohol. Vermy die inname van alkohol of medikasie wat alkohol bevat.

Die volgende mag die risiko vir hiperglukemie verhoog:
- Glukokortikoïede, tiasieddiuretika, litium.
- Salbutamol, terbutalien IV.
- Ander beta-adrenergiese agoniste.
- Efedrien, pseudoëfedrien en verkoueprodukte.
- Chloorpromasien.
- Ritodrien.

Die gepaardgaande gebruik van **GLYTAB 30 mg** en danasol word nie aanbeveel nie. Dit is belangrik om urien- en bloedglukosevlakke te monitor indien gelyktydige gebruik onvermydelik is.

GLYTAB 30 mg mag antikoagulasie versterk tydens gepaardgaande behandeling met antikoagulasiemiddels (bv. warfarien). Dit mag nodig wees om die dosis van die antikoagulant aan te pas.
GLYTAB 30 mg kan die plasmakonsentrasie van siklosporien verhoog deur die metabolisme daarvan te verlaag. Dit mag nodig wees om die dosis van siklosporien te verlaag.
Johanneskruid (*Hypericum perforatum*) verminder die blootstelling aan gliklasied en bloedglukosevlakke moet tydens gepaardgaande toediening met **GLYTAB 30 mg** gemonitor word (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).
Disglukemie kan tydens gepaardgaande behandeling met **GLYTAB 30 mg** en fluorokinolone voorkom. Bloedglukosevlakke moet gemonitor word (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING
GLYTAB 30 mg word teenaangedui tydens swangerskap en borsvoeding (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
Diabetes moet onder beheer gebring word voor bevrugting om die risiko te verlaag van aangebore abnormaliteite wat verband hou met ongekontroleerde diabetes.
Dit word aanbeveel dat orale hipoglukemiese behandeling vervang word met insulien voordat gepoog word om swanger te raak, of so gou as wat swangerskap waargeneem word.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Vir volwasse gebruik alleenlik
Die daaglikse dosis kan wissel van 1 tot 4 tablette per dag, d.i. 30 tot 120 mg wat as 'n enkel daaglikse dosis geneem word. Dit word aanbeveel dat die medikasie met ontbyt geneem word. Indien 'n dosis oorgeslaan word, moet die dosis wat die volgende dag geneem word, nie verhoog word nie. Die dosis behoort by die individuele pasiënt se metaboliese respons aangepas te word (bloedglukosevlakke en/of geglikosileerde hemoglobien HbA1C).

Aanvanklike dosis
Die aanbevole aanvanklike dosis is 30 mg een keer daagliks, met ontbyt geneem.

Dosisaanpassing
Indien vastende bloedglukosevlakke nie bevredigend verlaag het nie, kan die dosis progressief verhoog word tot 60, 90 of 120 mg per dag, met opeenvolgende verhogings, met 'n tussenpose van ten minste een maand tussen elke verhoging, behalwe by pasiënte wie se bloedglukosevlakke nie verlaag het na 15 dae van behandeling nie. In sodanige geval kan voorgestel word dat die dosis aan die einde van die 2de week van behandeling verhoog word. Die daaglikse dosis moenie 120 mg oorskry nie. Voorheen onbehandelde pasiënte moet met 'n dosis van 30 mg begin.

Vervanging van gliklasied 80 mg met GLYTAB 30 mg
By pasiënte wat op gliklasied 80 mg gestabiliseer is, kan die vervanging van gliklasied 80 mg met **GLYTAB 30 mg** aanvanklik gebaseer word op: 1 tablet gliklasied 80 mg = 1 tablet GLYTAB 30 mg.

Vervanging van 'n ander sulfonielureum met GLYTAB 30 mg
GLYTAB 30 mg kan ander sulfonielureum behandeling vervang. Vir die oorgang na GLYTAB 30 mg, moet die dosis en halfleeftyd van die vorige orale hipoglukemiese medisyne in berekening gebring word. Indien 'n pasiënt van 'n ander orale sulfonielureum met 'n verlengde halfleeftyd oorgeskakel word kan 'n terapeutiese venster van 'n paar dae nodig wees om die versterkende effek van die twee produkte en die gevolglike risiko van hipoglukemie te vermy. Tydens so 'n omskakeling word aanbeveel dat dieselfde prosedure gevolg word soos met die aanvang van die behandeling met **GLYTAB 30 mg**, d.i. om behandeling te begin 'n dosis van 30 mg per dag en dan die dosis met inkremente te verhoog, in ooreenstemming met die metaboliese vordering van elke pasiënt.

Assosiasie met ander orale antidiabetiese medisynes
GLYTAB 30 mg kan in kombinasie met alfa-glukosidase inhibeerders of insulien gegee word, maar in so 'n geval behoort diabetiese beheer met bloedsuikerbepalings gekontroleer te word, weens die moontlikheid van hipoglukemie. In kombinasieterapie met biguaniede, mag daar 'n groter risiko vir kardiovaskulêre mortaliteit wees as met die gebruik van gliklasied alleen.

Bejaarde pasiënte en pasiënte met nierversaking
Die effektiwiteit en toleransie van **GLYTAB 30 mg**, wat met dieselfde terapeutiese regimen by pasiënte oor 65 jaar en pasiënte met geringe tot matige nierversaking (30 – 80 ml/min) voorgeskryf is, is in kliniese proewe bevestig. Die dosis sal dus identies wees aan die aanbevole dosis vir volwassenes onder die ouderdom van 65 jaar, en vir pasiënte met normale nierfunksie, en hierdie pasiënte moet noukeurig gemonitor word.

NEWE-EFFEKTE
Hipoglukemie
Behandeling met **GLYTAB 30 mg** gemodifiseerde vrystellings tablette kan hipoglukemie veroorsaak indien maaltye ongereeld geneem word of oorgeslaan word. Moontlike simptome van hipoglukemie is: hoofpyn, intense honger, naarheid, braking, lusteloosheid, slaapsteurings, agitasie, aggressie, swak konsentrasie, verminderde bewustheid en verstadigde reaksies, depressie, verwardheid, sig- en spraaksteurings, afasie, tremor, parese, sensoriese steurings, duiseligheid, gevoel van magteloosheid, verlies aan selfbeheersing, delirium, konvulsies, vlak asemhaling, bradikardie, lomerigheid en bewussynsverlies, wat moontlik lei tot koma en sterfte.
Daarby mag tekens van adrenergiese teen-regulering waargeneem word: sweting, klam vel, angstigheid, tagikardie, hipertensie, hartkloppings, angina pectoris en kardiale disritmie.
Simptome verdwyn gewoonlik nadat koolhidrate (suiker) ingeneem is. Kunsmatige versoeters het egter geen effek nie. Ondervinding met ander sulfonielureums wys dat hipoglukemie weer kan voorkom, selfs wanneer die maatreëls aanvanklik effektief was.
Indien 'n hipoglukemiese episode erg of verleng is, en selfs indien dit tydelik beheer word deur die inname van suiker, is onmiddellike mediese behandeling of selfs hospitalisasie nodig.

Bloed- en limfstelselversteurings
Minder dikwels: Anemie (aplasties of hemolities), leukopenie, trombositopenie, pansitopenie, eosinofilie.

Immuunstelselversteurings
Minder dikwels: Angio-edeem.

Metabolisme- en voedingsteurings
Dikwels: Hipoglukemie, nagtelike hipoglukemie.
Minder dikwels: Erge hipoglukemie.

Senuweestelselversteurings
Dikwels: Duiseligheid, lomerigheid.

Oogversteurings
Minder dikwels: Vlietende visuele steurings, insluitende dowwe visie of veranderings in akkommodasie.

Gastro-intestinale versteurings
Dikwels: Smaaksteurings.
Minder dikwels: Abdominale pyn, naarheid, braking, slegte spysvertering, diarree, hardlywigheid.

Hepatobilière versteurings
Minder dikwels: Hepatitis, cholestase, cholestatiese geelsug, belemmering van lewerfunksie, hepatiese porfirie, simptomatiese porfirie. Staak behandeling indien cholestatiese geelsug voorkom.

Vel- en subkutaneweefselversteurings
Minder dikwels: Uitslag, pruritus, urtikaria, multivorme eriteem of eksfoliatiewe dermatitis, makulopapulêre uitslag, fotosensitiwiteit, blaasvormende reaksies (insluitende Stevens-Johnsonsindroom en toksiese epidermale nekrolise), geneesmiddeluitslag met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS) sindroom.

Nier- en urienwegversteurings
Dikwels: Poliurie.

Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening
Dikwels: Hoofpyn.

Ondersoeke
Dikwels: Gewigstoename.
Minder dikwels: Verhoogde lewerensiemvlakke (aspartaataminotransferase (AST), alanienaminotransferase (ALT), alkaliese fosfatase).

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
'n Oordosis gliklasied mag hipoglukemie veroorsaak.
Matige simptome van hipoglukemie, sonder enige verlies van bewussyn of neurologiese tekens, moet reggestel word deur die inname van koolhidrate, aanpassing van die dosis en/of aanpassing van die dieet.
Noukeurige monitering moet volgehou word totdat die pasiënt buite gevaar is.
Hewige hipoglukemiese reaksies, met koma, konvulsies of ander neurologiese versteurings moet as 'n mediese noodgeval behandel word en vereis onmiddellike hospitalisering.
Indien 'n hipoglukemiese koma gediagnoseer of vermoed word, moet die pasiënt 'n vinnige binneaarse inspuiting van 50 ml gekonsentreerde glukose-oplossing (50 %) gegee word. Dit behoort opgevolg te word met aaneenlopende infusie van 'n meer verdunde oplossing (10 %), teen 'n tempo wat bloedglukosevlakke bo 5,5 mmol/l handhaaf. Pasiënte moet noukeurig gemonitor word, lank genoeg om seker te maak dat hipoglukemie nie weer sal intree nie, en, afhangende van die pasiënt se toestand, sal die dokter besluit of verdere monitering nodig is. Dialise is van geen waarde by hierdie pasiënte nie, weens die sterk binding van gliklasied aan proteïene.

IDENTIFIKASIE
Wit tot naaswit, kapsulevormige, onbedekte tablette, glad aan albei kante.

AANBIEDING
Helder PVC/aluminium of helder PVC/PVdC/aluminium stulpstroke wat 10 tablette bevat. Elke karton bevat 60 of 100 tablette.

BEWARINGSINSTRUKSIES
Bêre by of onder 25 °C.
Hou in die buitenste karton tot benodig vir gebruik.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER
49/21.2/1207

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Forrester Pharma (Edms.) Bpk.
Pasitastraat 13, Rosen Heights, Rosen Park, 7530, Bellville

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE PROFESSIONELE INLIGTING
20 Maart 2018

LI0140/16A

PASIËNTINLIGTINGSBLAD VIR GLYTAB 30 mg

SKEDULERINGSTATUS
Skedule 3

HANDELSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
GLYTAB 30 mg gemodifiseerde vrystellings tablette

Lees hierdie hele inligtingsblad aandagtig deur, voordat u begin om GLYTAB 30 mg te neem.
- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat u dit weer lees.
- Indien u enige verdere vrae het, vra asseblief u dokter of apteker.
- **GLYTAB 30 mg** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moenie u medisyne met ander mense deel nie. Dit mag skadelik wees vir hulle, selfs al het hulle dieselfde simptome as u.

1. WAT GLYTAB 30 mg BEVAT

Die aktiewe bestanddeel is 30 mg gliklasied.
Die ander bestanddele is anhidriese kalsiumwaterstoffosfaat, hipromellose en magnesiumstearaat
Suikervry.

2. WAARVOOR GLYTAB 30 mg GEBRUIK WORD
GLYTAB 30 mg is 'n medisyne wat bloedsuikervlakke verlaag (mondelikse antidiabetiese medisyne wat behoort aan die sulfonielureumgroep).
GLYTAB 30 mg word by 'n sekere vorm van diabetes (tipe 2 diabetes mellitus) by volwassenes gebruik, wanneer dieet, oefening en gewigsverlies alleen nie voldoende is om bloedsuiker op die korrekte vlak te hou nie.

3. VOORDAT U GLYTAB 30 mg NEEM
Moenie **GLYTAB 30 mg** neem nie:
- Indien u hipersensitief (allergies) is vir gliklasied of vir enige van die ander bestanddele van **GLYTAB 30 mg** (sien **WAT GLYTAB 30 mg BEVAT**).
- Indien u insulien-afhanklike diabetes (tipe 1) het.
- Indien u 'n erge lewersiekte het.
- Indien u aan 'n erge niersiekte ly.
- Indien u swanger is of u baba borsvoed.

GLYTAB 30 mg word nie aanbeveel vir gebruik by kinders nie.

Neem spesiale sorg met GLYTAB 30 mg:
Volg die behandelingsplan wat deur u dokter voorgeskryf is noukeurig om bloedsuikervlakke behoorlik in stand te hou. Dit beteken dat u, bo en behalwe gereelde tablet inname, u dieetplan moet nakom, fisiese oefening doen en, waar nodig, u liggaamsgewig verminder.
Tydens **GLYTAB 30 mg** behandeling is gereelde monitering van u bloedsuikervlak nodig.
In die eerste paar weke van behandeling mag die risiko groter wees dat u verlaagde bloedsuikervlakke (hipoglukemie) kan hê.
Lae bloedsuiker (hipoglukemie) mag voorkom:
- Indien u ongereeld eet of maaltye heeltemal oorslaan.
- Indien u vas.
- Indien u wangevoed is.
- Indien u dieet verander.
- Indien u fisies meer aktief raak en koolhidraatinname nie ooreenstemmend toeneem nie.
- Indien u alkohol drink, veral in kombinasie met oorgeslane maaltye.
- Indien u ander medisynes of natuurlike geneesmiddels terselfdertyd neem.
- Indien u te hoë dosisse **GLYTAB 30 mg** neem.
- Indien u aan bepaalde hormoon-geïnduseerde versteurings ly (funksionele versteurings van die skildklier, pituïtêre klier of bynierkorteks).
- Indien u nier- of lewerfunksie erg belemmer is.

U kan die volgende simptome hê indien u bloedsuiker laag is: hoofpyn, intense honger, naarheid, braking, moegheid, slaapsteurings, rusteloosheid, aggressiwiteit, swak konsentrasie, verminderde wakkerheid en reaksietyd, depressie, verwardheid, spraak- of visuele afwykings, tremor, sensoriese versteurings, duiseligheid en hulpeloosheid.
Die volgende tekens en simptome mag ook voorkom: sweting, klam vel, angstigheid, vinnige of onreëlmatige hartklop, hoë bloeddruk, skielike erge pyn in die borskas wat kan uitstraal na omliggende areas (angina pectoris).
Indien bloedsuikervlakke aanhou om te daal mag u aansienlike verwardheid (delirium) ondervind, konvulsies ontwikkel, selfbeheer verloor, u asemhaling kan vlak en u hartklop stadiger wees, u kan u bewussyn verloor.
In die meeste gevalle verdwyn die simptome van lae bloedsuiker baie vinnig indien u 'n vorm van suiker inneem, soos glukosetablette, suikerblokkies, soet vrugtesap of versoete tee. Om hierdie rede behoort u altyd 'n vorm van suiker (glukosetablette, lekkergoed of suikerblokkies) by u te hê. Onthou dat kunsmatige versoeters of produkte wat slegs kunsmatige versoeters bevat nie effektief is om bloedsuikervlakke te herstel nie. Kontak asseblief u dokter of die naaste hospitaal indien dit nie gehelp het wanneer u suiker ingeneem het nie of indien die simptome weer terugkom.
Simptome van lae bloedsuiker kan afwesig wees, minder opsigtelik wees of baie stadig ontwikkel sodat u nie betyds agterkom dat u bloedsuikervlak gedaal het nie. Dit kan gebeur indien u 'n bejaarde pasiënt is wat sekere medisynes neem (soos dié wat op die sentrale senuweestelsel inwerk en beta-blokkers). Indien u in 'n stressituasie is (soos 'n ongeluk, chirurgie ondergaan, koors ens.) mag u dokter u tydelik omskakel na insulienterapie.
Simptome van hoë bloedsuiker (hiperglukemie) kan voorkom wanneer **GLYTAB 30 mg** nog nie die bloedsuiker voldoende verlaag het nie, wanneer u nie gehou het by die behandelingsplan wat deur u dokter voorgeskryf is nie, of in spesiale stressituasies. Dit mag dors, dikwelse urinering, droë mond, droë jeukende vel, velinfeksies en verminderde prestasie insluit.
Kontak u dokter of apteker indien hierdie simptome voorkom.

Lig u dokter in voordat u **GLYTAB 30 mg** neem indien u 'n familiegeskiedenis het van, of indien u gediagnoseer is met, die oorerflike toestand glukose-6-fosfaatdehidrogenase (G6DP) tekort (abnormaliteit van rooibloedselle), aangesien die hemoglobienvlakke in u liggaam kan verlaag en afbraak van u rooibloedselle kan voorkom (hemolitiese anemie).

Die neem van GLYTAB 30 mg met kos en drinkgoed:
Dit word aanbeveel dat **GLYTAB 30 mg** met ontbyt geneem word.

Swangerskap en borsvoeding:
Indien u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige voordat u **GLYTAB 30 mg** neem.
Moenie **GLYTAB 30 mg** neem indien u swanger is, vermoed dat u swanger kan wees of u baba borsvoed nie.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
GLYTAB 30 mg mag u vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik belemmer. Moenie bestuur, masjinerie hanteer of enigiets anders doen wat u aandag vereis nie, totdat u weet hoe **GLYTAB 30 mg** u affekteer.

Die gebruik van ander medisynes saam met GLYTAB 30 mg:
Sê altyd vir u gesondheidsorgdeskundige indien u enige ander medisyne neem (dit sluit aanvullende of tradisionele medisynes in).

Die bloedsuikerverlagende effek van **GLYTAB 30 mg** mag versterk word en tekens van lae bloedsuikervlakke mag verskyn wanneer een van die volgende medisynes geneem word:
- Ander medisynes wat gebruik word om hoë bloedsuiker te behandel (mondelikse antidiabetiese middels of insulien).
- Antibiotika (soos sulfoonamiede, klaritromisien).
- Medisynes wat gebruik word om hoë bloeddruk of hartversaking te behandel (beta-blokkers, ACE-inhibeerders soos kaptopriel of enalapriel).
- Medisynes om swaminfeksies te behandel (mikonasool, flukonasool, ketokonasool).
- Medisynes om ulkusse in die maag of duodenum te behandel (simetidien, ranitidien).
- Medisynes om depressie te behandel (monoamienoksidase-inhibeerders).
- Medisynes om pyn te behandel (ibuprofeen).
- Alkohol of medisynes wat alkohol bevat.

Die bloedglukoseverlagende effek van **GLYTAB 30 mg** mag verswak word en verhoogde bloedsuikervlakke kan voorkom wanneer een van die volgende medisynes geneem word:
- Medisynes om versteurings van die sentrale senuweestelsel te behandel (chloorpromasien).
- Medisynes wat inflammasie verminder (kortikosteroïede).
- Medisynes wat gebruik word om waterterughouding en hoë bloeddruk te behandel (tiasiedddiuretika).
- Litium (gebruik om depressie te behandel).
- Medisynes om asma te behandel of wat tydens kraam gebruik word (binneaarse salbutamol, ritodrien en terbutalien).
- Verkouemiddels.

GLYTAB 30 mg mag die uitwerking versterk van medisynes wat bloedstolling verminder (soos warfarien).
GLYTAB 30 mg mag die uitwerking versterk van medisynes wat na oorplantings gebruik word (siklosporien).
Versteurings van bloedglukose mag voorkom wanneer u fluorokinolone neem (antibiotiese medisyne wat gebruik word om bakteriese infeksies te behandel), veral indien u bejaard is, of indien u Johanneskruid ('n kruiekuur wat gebruik word om depressie te behandel) saam met **GLYTAB 30 mg** neem.

4. HOE OM GLYTAB 30 mg TE NEEM
Neem **GLYTAB 30 mg** altyd presies soos wat u dokter vir u voorgeskryf het. Kontroleer met u dokter of apteker indien u onseker is.
Die gewone dosis is 1 tot 4 tablette daagliks, een keer per dag met ontbyt geneem.
U dokter kan u dosis aanpas afhangende van u toestand.

Indien u meer GLYTAB 30 mg geneem het as wat u behoort:
In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

Indien u vergeet om GLYTAB 30 mg te neem:
Indien u een dosis gemis het, moet daardie dosis oorgeslaan word en die volgende dosis moet op die gewone tyd met 'n maaltyd geneem word. Moenie 'n dubbele dosis neem om te vergoed vir die dosis wat oorgeslaan is nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
GLYTAB 30 mg kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir GLYTAB 30 mg gerapporteer is, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid agteruitgaan of indien u enige ongewenste effekte ervaar terwyl GLYTAB 30 mg geneem word, konsulteer asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om **GLYTAB 30 mg** te neem en sê onmiddellik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
- Swelling van u hande, voete, enkels, gesig, mond of keel, wat dit moeilik kan maak om te sluk of asem te haal.
- Uitslag of gejeuk.
- Floute.

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit het, mag u 'n ernstige allergiese reaksie op **GLYTAB 30 mg** gehad het. U mag dringende mediese bystand of hospitalisasie nodig hê.

Sê onmiddellik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal indien u enige van die volgende opmerk:
- Bloedafwykings (insluitende 'n bleek vel, langdurige bloeding, kneusing, seer keel en koors).
- Vergeling van die vel en oë.
- Hewige, pynlike veluitslag wat blaasvorming of afskilfering van u vel veroorsaak (multivorme eriteem, eksfoliatiewe dermatitis, Stevens-Johnsonsindroom of toksiese epidermale nekrolise).
- DRESS-sindroom (veluitslag op u gesig wat uitbrei na u liggaam, koors en griepagtige simptome).

Hierdie is alles ernstige newe-effekte. U mag dringende mediese bystand nodig hê.

Sê so gou as moontlik vir u dokter indien u enige van die volgende opmerk:
- Galbulte.
- Duiseligheid of lomerigheid.
- Dowwe visie of probleme om te fokus.
- Smaakveranderings.
- Naarheid, braking.
- Maagpyn.
- Sooibrand.
- Hardlywigheid.
- Fotosensitiwiteit.
- 'n Toename in urienafskeiding.
- Hoofpyn.
- Toename in gewig.
- Veranderings in resultate van bloedtoetse.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief u dokter of apteker in.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN GLYTAB 30 mg
- Bêre by of onder 25 °C.
- Hou in die buitenste karton tot nodig vir gebruik.
- STOOR ALLE MEDISYNES BUITE BEREIK VAN KINDERS.
- Moenie gebruik ná die vervaldatum wat op die etiket of karton gedruk is nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in dreine en rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN GLYTAB 30 mg
Helder PVC/aluminium of helder PVC/PVdC/aluminium stulpstroke wat 10 tablette bevat. Elke karton bevat 60 of 100 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN GLYTAB 30 mg
Wit tot naaswit, kapsulevormige, onbedekte tablette, glad aan albei kante.

9. REGISTRASIENOMMER
49/21.2/1207

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
Forrester Pharma (Edms.) Bpk.
Pasitastraat 13, Rosen Heights, Rosen Park, 7530, Bellville

11. PUBLIKASIEDATUM
20 Maart 2018

LI0140/18A

XXXXXXX-XXXX